RAADSBELEID

ONDERWERP : VOORLEGGING VAN BOUPLANNE

VERWYSING : 15.4.1.3.B

BESLUIT NR : 22.4/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om toe te sien dat die beoordeling van bouplanne volgens die vereistes in die Raad se skemaregulasies en die Wet op Nasionale Bouregulasies en Standaarde voldoen.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om aanvaarbare standaarde en veiligheid van geboue te verseker.

RIGLYNE

Indien 'n bouplan vir die eerste keer vir goedkeuring voorgelê word, moet die plan ten minste die volgende insluit:

1. ‘n Vloeruitleg.
2. ‘n Dakuitleg.
3. ‘n Elektriese uitleg.
4. ‘n Riooluitleg.
5. Aansluitingspunte vir dienste soos die volgende:
    1. Water
    2. Riool
    3. Elektrisiteit - ook aanvraag
    4. Stormwater
    5. Brandbestryding

    moet aangetoon word.
6. Op- en aflaai areas moet duidelik by sakegeboue getoon word.
7. Alle aansigte en toepaslike snitte moet getoon word.

PROSEDURE

1. Voordat daar met enige konstruksiewerk begin mag word moet die nodige planne vir goedkeuring by die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer ingedien word.

2. By ontvangs van die bouplanne en aansoekgelde sal bogenoemde afdeling toesien dat dit by al die betrokke afdelings sirkuleer, ten einde hulle in staat te stel om voorwaardes vir goedkeuring te stel.

3. In die laaste plek sal die aansoeker in kennis gestel word van die Raad se besluit sowél as enige voorwaardes daaraan verbonde.

ROLLE

Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

VERWANTE BELEID

1. Die Skemaregulasies
2. Die Nasionale bouregulasies.
3. Tariefbundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.